# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 219
20 Oktober 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto



**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel**

**Berigte - Bondsake**
- **Bestuursvergadering**
- **Mevrou Joekie van der Westhuizen sterf**
- **Nuwe gemeente**
- **Lewensbrood**

**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

**Koop die tyd uit.**

Die oomblik wat jy by die deur van ‘n maatskappy of besigheid instap, word jou indruk van daardie instansie gevorm. Die ontvangsdame se voorkoms, behulpsaamheid en stemtoon bepaal reeds jou gemoedstemming voordat jy kennis maak met die produk of diens van so ‘n instansie. Die openbare betrekkinge, in Engels die PR, (*public relations),* is die vertoonvenster van ‘n produk of diens. Maatskappye veral spandeer baie geld en tyd aan opleiding van personeel om hulle openbare betrekkinge beeld te verfyn. Het die kerk van ons Here Jesus Christus ook so ‘n openbare beeld? Ons sou kon nadink oor die kerk of die Geloofsbond se openbare betrekkinge en onsself afvra of ons besig is om kerk in die wêreld te wees? Of is ons net kerk vir ons eie verryking en bestaan?

In die brief aan die Kolossense, in Kol 4:2-6, trek Paulus duidelike lyne vir die kerk se openbare betrekkinge-beeld. Hy gebruik twee idiome om dit baie mooi aan ons te verduidelik: "**Om ‘n deur oop te maak"** en "**Koop die tyd uit"**. Briljant, want dit som openbare betrekkinge van wie of watter instansie of groep dit ookal mag wees, in ‘n neutedop op. Hy verduidelik baie mooi dat gelowiges of die kerk se openbare betrekkinge niks anders is as jou dankbaarheid in aksie nie. Natuurlik sal dit alles te doen hê met wanneer God met ons praat en ons met Hom, naamlik gebed. Paulus skryf Bid gereeld en sê altyd vir God dankie vir wat Hy doen. Met ander woorde, ken die waarheid oor Jesus Christus, verstaan en te glo dit en vertel daardie waarheid na die beste van jou vermoë: getuig daaroor.

Om ‘n deur oop te maak beteken jy sien die geleentheid raak en jy gebruik dit. In die handelswêreld beteken dit jy kry die kontrak, jy kry die werk of jy registreer en bemark die patent. Paulus praat van gelowiges wat moet bid dat God vir ons ‘n deur vir die Woord sal oopmaak. Maak jou oë oop vir die geleenthede om die waarheid oor Jesus Christus te vertel. Paulus gebruik homself as ‘n voorbeeld: Hy sit in boeie daaroor, ja in die tronk, omdat hy nie kan stilbly oor Christus, die Verlosser nie, omdat hy nie die leuen oor Christus kan verdra nie. Hy wil vir hulle die waarheid vertel. Bid dat ek dit met die regte woorde vir die mense sal kan verduidelik. Dit is waaroor openbare betrekkinge gaan: die regte woorde op die regte tyd op die regte manier. Byvoorbeeld, as jy kommentaar aan ‘n verslaggewer vir ‘n nuusberig moet lewer, moet jy die regte goed op die regte manier sê. Dit besef ons tog maar te goed. Wat in

‘n koerant of e-nuusberig aangehaal word, word so deur miljoene gehoor en gesien. Dit moet duidelik en verstaanbaar wees, daar moet geen twyfel oor wees nie. Die Geloofsbond het die geleentheid raakgesien en benut om daaglikse oordenkings wêreldwyd te stuur. Tereg het ds. Frans Marais opgemerk dat hierdie een van die Geloofsbond se beste uitvoerprodukte is. Daarmee het hy bedoel ‘n goeie geleentheid om die Lig in suiwerheid te laat skyn.
Hoeveel keer worstel ons tog nie daarmee nie? As ek tog maar net die regte woorde gebruik en nie die verkeerde goed kwytraak nie. Weet jy, Paulus, teoloog en gelowige, bid steeds daarvoor. Het ek en jy nou gedink dit moet sommer maar net gebeur? Nee, ‘n mens moet daarvoor bid. Aanhou bid en vra dat die Gees jou sal lei en leer. Dankbaarheid is dus gebed om die geleenthede vir die verkondiging van die waarheid raak te sien en gebed vir die regte woorde om te sê of te vertel oor ons Here Jesus Christus. Inderdaad is die tweede kant van dankbaarheid of openbare betrekkinge om die tyd uit te koop. Paulus raak so bietjie ongeduldig: **Gebruik jou tyd wys! Hou op om tyd te mors met sotlikhede.** Wat sal ons nie wou gee om tyd terug te kon koop saam met ‘n geliefde nie? As jy toe geweet het wat jy nou weet, sou jy dalk nie stilgebly het oor God, oor hoe leef ‘n kind van God, oor hoe lyk dankbaarheid of hoe word ons gered nie? Koop die tyd uit! Met party sake het jy een geleentheid en as jy dit verbrou of laat verbygaan, is dit verlore. Of sou ‘n predikant nie sy/haar beste tyd bestee aan die voorbereiding van preke, dagstukkies en oordenkings nie? Nie die haastige afskeep, want die vrag is swaar gelaai aan ander verpligtinge nie. Dominee, ons heel eerste en belangrikste roepingsprioriteit is die suiwere verkondiging van die evangelie. Woordverkondiging.
Hoekom moet ons elke geleentheid benut asof dit die laaste kans is? Want, skryf Paulus vir baie mense, is die boodskap oor Christus ‘n geheim. ‘n Geheim is nog nie duidelik nie, dit is nog so waserig eenkant. ‘n Onsekerheid. ‘n Geheim is in die donker en nie in die lig nie. Hulle weet en verstaan nog niks van verlossing en dankbaarheid nie. Genade en die liefde van God bestaan nie vir hulle nie.
Gelowiges in die Here Jesus Christus, hier moet ek en jy wakker wees en luister. Gedra julle verstandig in julle aanraking met mense wat nog nie Christene is nie en maak die beste gebruik van elke geleentheid wat julle kry om invloed op hulle uit te oefen. Gesels met hulle op ‘n aangename manier wat iets vir hulle kan beteken. Dan sal julle ook weet watter soort antwoord julle vir elkeen van hulle kan gee.
Hier staan nie jy moet hulle oorrompel, bespot, uitsluit, vermy, ignoreer, uitskel of wegjaag nie. Paulus sê dit moet vir hulle goed wees om met jou te praat. Nie omdat jy hulle guns probeer koop met toegewings of vleitaal nie. Nee, omdat jy ‘n ordentlike mens is in wie die Gees van God is. Omdat jy vas en seker weet wat jy vertel oor God die Vader, oor die skepping, oor Jesus Christus en verlossing en oor die Heilige Gees en ‘n lewe in dankbaarheid. Nie sotlike sousie-goedvoel storietjies nie. Net die waarheid alleen. Jy praat nie asof dit oor ‘n mens se geite en grille gaan nie, maar oor die lewende God. Oor hierdie waarheid staan jy vas en seker, maar op so ‘n manier dat jy elke geleentheid wat jy kry, gebruik om

meer en meer te vertel en deur jou lewenswyse te getuig van die waarheid.
Dit kan net gebeur as jy, mens, biddend geleenthede benut en die tyd uitkoop.
Weet verseker: dit is genade alleen. God, die Vader wat Hom tot jou wend omdat Hy lief is vir jou. Aan die begin van vers 2 skryf Paulus Bid gereeld en sê altyd vir God dankie vir wat Hy doen.
Laat ons dit nie vergeet, nalaat of sommer maar net los nie. Dreig en onttrek is die slegste openbare betrekkinge wat ons met mekaar as gelowiges kan hê of as Geloofsbond teenoor hulle wat in afwagting uitsien na die *WhatsApp* wat die Evangelie waar en suiwer tot in die uithoeke van hierdie aarde bring. Het ons klaar vergeet hoe dit met 'n kerk gaan waar die eie EK belangriker word as die verkondiging? So 'n gesindheid loop uit op niks nie. Geen kerk-wees tot eer van die Heer van die kerk nie. Ons sal nie eendag in 'n niks eindig nie. Ons sal by God wees en Hy by ons. Hier op hierdie mooi, goeie aarde. Natuurlik as God met die wederkoms herskep: die aarde en ons elkeen weer laat wees soos Hy dit wou gehad het. Sonder sonde. Sal ons dan nie vir Hom dankie sê met woorde uit ons harte uit as ons bid: dankie vir elke liewe deel van ons lewens, ons geliefdes se lewens, die kerk se lewe: alles wat soms lyk asof dit net gebeur. Die Switserse teoloog Karl Barth het gesê dat ek, sondaar predikant, deur die genade teoloog en dominee mag wees. Hierdie roeping is 'n genade voorreg. Kies predikante wanneer en waar hulle moet gaan verkondig? Nee, in gehoorsaamheid is elke leraar 'n gestuurde in diens van God. Daar is 'n Vaderhand daaragter. Begin bid en sê dankie. Paulus waarsku nie uit gewoonte nie, maar uit dankbaarheid.

Gelowiges, dan word ons lewende getuies van die waarheid. **Om 'n deur oop te maak** en **die tyd uit te koop**. Jy bid vir geleenthede, sien geleenthede raak en benut daardie geleenthede ongeag van wat met jou kan gebeur. Jy bid vir die kans om met jou kinders, vriende, mede-gelowiges en ongelowiges te praat oor Jesus Christus, jy sien die kans en jy gebruik dit, want jy weet nie of jy weer 'n kans gaan kry nie. Maak jou oë en jou mond oop, maar onthou Paulus se vermaning: op so 'n manier dat mense weer met jou sal wil praat.
Mag ons as Geloofsbond, elke gemeente, elke predikant en elke lidmaat Paulus se openbare betrekkinge ter harte neem.

Ds. Antoinette van Zyl Redakteur Koers 2023

## BERIGTE BONDSAKE

**Bestuursvergadering**

Die bestuur het op 13 Oktober 2023 vergader om die notule van die Bondsvergadering te hanteer, die beplanning vir 2024 te doen, korrespondensie te bespreek en die administrasie vir die jaar af te handel.
Die konsep-notule sal eersdaags aan gemeentes gestuur word. Afgevaardigdes word versoek om die juistheid van die notule na te gaan. Slegs voorgestelde wysigings word aan die Skriba deurgestuur. Indien geen wysigings nodig is nie, word daardie dokument effektief die notule.
Take wat uit die notule spruit, is geïdentifiseer en die mense wat versoek word om sekere take af te handel, sal eersdaags korrespondensie ontvang. Gemeentes sal ook briewe ontvang met 'n lys van sake wat vir hulle van belang is.

**Mevrou Joekie van der Westhuizen sterf.**

By die troosdiens van wyle Mevrou v.d. Westhuizen (gade van prof. HG) het ds. Piet Viljoen namens die GHG medelye betuig. Ons plaas sy woorde hier:

Professor, kinders, kleinkinders en gemeente,

Ek is gevra om ‘n woord van waardering en troos te kom sê. Maar nou het woorde maar ‘n manier om te min te wees. As jy kyk wat jy gesê het, dit wat daar in woorde staan dan lyk dit maar na so min. So baie het gebeur en so min is gesê. En dis die fout met woorde. Hulle kort altyd.

Baie bly ongesê. Alles wat God doen in die lewe van elke gelowige mens. Die Here wat alleen maar beskik oor die lewe en die dood. Die Here wat die gebeure wat een vir een jou lewensboek volmaak dikteer. Die Here wat die vreugde voorskryf wat jou lewe verryk. Die Here wat die laste afweeg wat op jou skouers gelê word. Die juk en die kruis wat op jou lê, bereken God Self. Die drinkbekers van smart meng Hy en gee dit met Sy eie hand aan! God alleen bepaal wanneer alles eindig in die dood. En dié het die Here Self oorwin. En die graf. In Sy hande en in Sy hart is jy. Almagtig. Die Here skryf my lewensboek. En op Sy tyd maak Hy my boek toe. Vat Hy my na Hom toe.

Ons woorde kort maar. Elke gelowige mens het ‘n hele ongeskrewe boek vol van God se handelinge met hom.

Lewensgroot! Lewensgroot was tannie Joekie hier by ons. Hoe druk jy dit uit in woorde? Met hart en verstand en krag was sy hier. Met haar hele wese elke dag hier. En nou begin ek kort en dadelik moet ek bybring.

Vier en sestig jaar lank één, Professor! U en tannie Joekie. Presies net soos die Here oor ons sê as ons trou. Ons sal één wees. So is u een! Een van sin en een van gees . Een in geloof en een in werke. Een spoor het u getrap. Reg so!

U merk by geleentheid op oor die hulp wat die Here daar in die begin vir ons gegee het, ons Eva, merk u op dat die hulp die sterker een is wat ons help. Tannie Joekie! Ons waardeer en ons eer haar. En dan word Eva nie maar net vir Adam gegee as ‘n hulp nie, sy word gebring omdat iets in Adam se lewe kort. Goeie geselskap. Sy lewe word vol deurdat Eva daar is. Die vol en die kleurryke lewe wat u met ons deel, maak ons eie ook vol. Saam gedink, gepraat, gelag, gehuil. Een van sin en gees. Saam glo en saam doen.

Professor, u wou net preek. Nou is preek baie meer as die halfuur of die uur op die preekstoel. Die preek moet deur jou gaan en dit moet deel van jou wees. En dan uit jou mond. Baie het die preek uit tannie Joekie se mond gekom. U is immers een. Een in geloof en werke. Een in sy Heilige Naam. En ons is dankbaar dat ons, die Here se kerk, die voorreg het om so saam te kan glo en doen.

Hanna Kamffer vra: “Wie is jou ma? Wie het jou opgevoed?” Baie belangrike vraag dié!

Hardus, Phanus, Iza, Anje, Joekster en Calina!

Opgevoed het julle ma vir julle. Nie maar net grootgemaak nie. Aan moedersknie van kleins af het julle ma julle geleer en gegraveer. Haar stempel het sy op julle afgedruk sodat julle vandag die beskaafde, gekultiveerde fynbesnaarde mense is wie julle is. En so lyk ook u gades en u kinders. En ons almal waardeer dit, want ons deel ook die lewe met u en dit is vir ons goed. Ons vind verlustiging daarin om met u te make te hê.

En nou is u half, POrofessor. Die dood het u helfte ingesluk. En dit is vir ons seer. U verlies wat ons nie kan peil nie. Dit maak seer. Dit is onbeskryflik. Ons woorde kort alweer. Miskien net kan ons so sê hier by die ergste ding in die lewe, hier by die dood, is ons troos die genade hiervan: God los jou nooit! En wil ons, gelowiges, wil die kerk hierdie trooswoorde sê: Genadig! God kom in Christus. Die fondament, die Rots waarop ons lewe gebou is. Die Rots Jesus Christus! Hy laat jou huis, jou lewe, regop bly ten spyte van wat ookal met jou gebeur.
En dit is altyd ook ons troos. Christus is my Rots. In liefde kom Hy en verlos my, sondaar-mens. Waar ek hier elke dag in hierdie jammerdal sit, waar so baie dinge dreig om my huis weg te spoel, hierdie agterstevoor wêreld wat hier voor my is waarvan ek geen sin uitmaak nie en niks van kan verstaan nie, die vloedwaters wat kom en my soveel kere op moedverloor se vlaktes laat beland, dan skep ek moed daar op die Rots, Christus, waar my fondament lê. Hy gee my moed en hoop en krag.
Die graf is oop! God staan daarbuite anderkant die graf en Hy roep jou op jou naam. Dis hoe Hy jou gemaak het en hoe Hy jou ken. Op jou naam!
Dit is my troos. Niks sal my onderkry nie, want my lewe staan op Hom.
Ons, die kerk is dankbaar ons kan die lewe saam met u leef. Ons eer u nagedagtenis.in daad, woord en gedagte by.

**Nuwe gemeente.**
Nuwe beginne beteken altyd sekere dinge moet aangeskaf word. So is dit dan ook dat een van die belangrike besittings van 'n nuwe gemeente alles sal wees wat met die Nagmaal te doen het. Kerkraad van die Hervormde Kerk Tuinroete versoek vriendelik dat gemeentes en enkelinge dit sal oorweeg om ongebruikte Nagmaal servies en bekers aan hulle te skenk. Dit is dalk oud in u kas, maar vir hulle sal dit splinternuut wees.
Die gemeente nooi u ook uit om daar te gaan preek.

## Lewensbrood 2024/25

**Lewensbrood 2024 sal teen November 2023 beskikbaar wees**. Finaliseer nou u bestellings by u plaaslike gemeente. Gelowiges van buite die GHG wat jaarliks die Lewensbrood ontvang, moet met Ella kontak maak by ella@geloofsbond.org.za.

Met ons drukkers wat onderhandel het met die verskaffers, kan ons hierdie jaar die LEWENSBROOD **TEEN DIESELFDE PRYS AS VERLEDE JAAR BESKIKBAAR STEL. Net R150** per eksemplaar. Kyk ook na advertensie aan einde van Koersvas. **BESTEL BETYDS! Bestellings sluit Maandag 23 Oktober 2023**

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.

## Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

# Lewensbrood 2024

### Dagboek met oordenkings vir elke dag

**R150-00 per Boek • Posgeld uitgesluit**

Bestellings moet by u gemeente geplaas word.
Indien u nie in 'n Bondsgemeente is nie kan bestellings by *Ella Joubert per WhatsApp 082 564 1915 of per e-pos: ella@geloofsbond.org.za* bestel word.

Sluitingsdatum vir bestellings is 22 Oktober 2023

---

**Oranjekas Spaar en Krediet Koöperatief Beperk**
Reg. 2009/003378/24

ORANJEKAS

Belê 'n enkelbedrag (tot 10,25% rente per jaar) of open 'n spaarrekening en verdien rente vanaf die eerste sent. (Belastingvrye perke soos deur SARS bepaal, is van toepassing). Bykomende 0,25% vir kerke, gemeentes en volks-instansies.

Kom word deel van die grootste geregistreerde CFI (Co-operative Financial Institution) in SA. Oranjekas is in proses van verdere finansiële lisensies en produkte. Kom help bou en word deel van u eie finansiële reus, waar u tuis sal voel.

Kasfin Edms Bpk is Oranjekas se filiaal wat aan ons lede, lewens- en korttermyn-versekeringsdienste asook testamente lewer.

Oranjekas word gereguleer deur die SARB (SA Reserwebank) , Die NCR (National Credit Regulator) en Kasfin word gereguleer deur die FSCA (Financial Services Conduct Authority). Terme en Voorwaardes geld. Individuele lenings en beleggingskontrakte vervat alle voorwaardes en terme van individuele transaksies.

**Breek weg na finansiële vryheid! Kontak ons vandag nog:**
☏ 012 754 5454
🖂 kontak@oranjekas.co.za